

ST. GHÉBRĒ-MIGAEL

30 AUGUSTUS

(c.1790-1855)

Hy het opgegroeï in die Koptiese Kerk van Ethiopië en op 19-jaar 'n monnik geword. Hy gaan op 'n lang pelgrimstog vanaf Ethiopië na Egipte en vandaar na Jerusalem en Rome. Hy voel aangetrokke tot die Katolieke Kerk en word in 1844 daarin opgeneem en in 1851 tot priester gewy. In Ethiopië doen hy baie om die Katolieke geloof bekend te stel, maar word sterk teengestaan deur die Koptiese Kerk en koninklike hof. Hy word in 1855 in die gevangenis geplaas waar hy so gruwelik mishandel en gemartel is dat hy daar sterf.

